5. Behoudens andersluidende bepalinge in hierdie hoofstuk, moet enigiemand wat in voltydse diens van die regering is soos omskryf in regulasie 6 van hierdie hoofstuk en wat sonder 'n onderbreking in sy diens na 'n posamp waarin hierdie regulasies op hom van toepassing word, oorgeplaas of aangestel word, die ooplopende vakansieverlof behou wat op die dag voor sy oorspronklike aanstelling in sy krediet staan: Met dien verstande dat die ooplopende vakansieverlof vir 'n gedeelte van 'n tydperk geag moet word een dag te wees en dat die vorige diens ten opsigte waarvan die verlofkrediet oorgegedra word, as diens gereken moet word vir die bepaling of berekening van—
- a) sy groepering vir die aanwas van ooplopende vakansieverlof ooreenkomstig regulasie 18 van hierdie hoofstuk; en
 - b) die tydperk van dertig dae Regeringsdiens bedoel in regulasie 24 van hierdie hoofstuk.

Regeringsdiens.

6. By die toepassing van hierdie hoofstuk word onderbroke voltydse Regeringsdiens in enige hoedanigheid, asook ononderbroke voltydse diens—
- a) in die KBND;
 - b) by die S.A. Spoorweg- en Hawensadministrasie;
 - c) by 'n provinsiale administrasie of provinsiale onderwysdepartement;

- (xiv) 'vacation leave credit' means the number of days' accumulative vacation leave with full pay which may at any time be granted to a member in terms of regulation 19 of this chapter; (xv)
- (xv) 'year' means a period extending from the first day of January of any year up to and including the last day of December of the same year. (iii)

Applicability of this Chapter.

2. The regulations in this chapter shall apply to every member except to a member whose conditions of service in regard to his leave privileges otherwise provide.

Classification of Leave.

3. Leave shall be classified under the following headings, namely—

- (a) vacation leave, which shall consist of—
- (i) accumulative vacation leave with full pay; or
 - (ii) vacation leave without pay;
- (b) sick leave, which shall consist of—
- (i) sick leave with full pay;
 - (ii) sick leave with half pay;
 - (iii) sick leave without pay;
 - (iv) special sick leave with full pay or with reduced pay; or
 - (v) additional sick leave with full pay;
- (c) special leave, which shall consist of—
- (i) special leave with full pay; or
 - (ii) special leave granted on such conditions relating to pay as may be recommended by the Public Service Commission.

Leave and Leave Gratuity are Privileges.

4. (1) Leave is a privilege and shall, except in the case of sick leave, be granted only if the exigencies of the SADF permit of the absence of the member from duty.
- (2) Subject to the provisions of regulation 17 of this chapter, no member is entitled on the termination of his service, to any payment in respect of any vacation leave credit or sick leave provision.

Government Service and Leave Count as Service for Certain Purposes.

5. Subject to provisions to the contrary in this chapter, any person in the full-time employment of the Government as defined in regulation 6 of this Chapter, who is transferred or appointed, without a break in service, to a post or position in which these regulations become applicable to him, shall retain the accumulative vacation leave standing to his credit on the day before his appointment or transfer: Provided that any portion of a day of such accumulative vacation leave shall be regarded as one day, and the previous service in respect of which the leave credit is carried forward shall count as service for determination or calculation of—
- (a) his grouping for the accrual of accumulative vacation leave in terms of regulation 18 of this chapter; and
 - (b) the period of thirty days' Government service referred to in regulation 24 of this chapter.

Government Service.

6. For the purpose of this chapter any continuous whole-time Government service in any capacity, as well as any continuous whole-time service—
- (a) in the ESPC;
 - (b) with the SA Railways and Harbours Administration;
 - (c) with any Provincial Administration or Provincial Education Department;

(d) by 'n erkende universiteit binne die Republiek of 'n onderwysinrigting onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap; of

(e) by 'n staatsdelwery,

wat sonder onderbreking diens in die BHD voorafgaan, geag Regeringsdiens te wees: Met dien verstande dat sodanige Regeringsdiens enige tydperk van diens uitsluit wat beëindig is as gevolg van 'n lid se uitdienstreding uit 'n permanente pos of sy afstanddoening van 'n vaste pos om enige rede.

Wie verlof kan verleen, intrek of omskep.

7. Behoudens andersluidende bepalings in hierdie hoofstuk, kan die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier of eersiere wat hy daarvoor aanwys, verlof verleen en verlof wat verleen is, te eniger tyd intrek of ooreenkomstig die bepalings van regulasie 12 van hierdie hoofstuk omskep.

Verpligte vakansie- of siekteverlof.

8. Die adjutant-generaal kan te eniger tyd in belang van die SAW en behoudens die bepalings van hierdie hoofstuk, 'n lid gelas om vakansieverlof met volle besoldiging of siekteverlof met volle of halwe besoldiging wat tot sy kredit mag staan, te neem vir dié tydperk wat die Adjutant-generaal mag bepaal.

Berekening van verloftydperk.

9. Enige verloftydperk word in dae bereken en begin en eindig op die datums wat ten opsigte daarvan goedgekeur is, en elke dag in sodanige tydperk word as verlof opgeteken: Met dien verstande dat waar—

(a) 'n lid in die loop van sy gewone diensure of na beëindiging van sy diens op 'n werkdag of te eniger tyd op 'n rusdag siek word en uit hoofde daarvan siekteverlof verleen word, sodanige verlof begin op die eerste werkdag wat volg op die dag waarop die lid siek geword het;

(b) twee tydperke van vakansieverlof, twee tydperke van siekteverlof of 'n tydperk van vakansieverlof en 'n tydperk van siekteverlof, of andersom deur slegs een of meer rusdae geskei word, sodanige rusdae of rusdae, ondanks die bepalings van paragraaf (a) as vakansieverlof of siekteverlof, na gelang van die geval, opgeteken word; en

(c) 'n tydperk van vakansieverlof op spesiale verlof ingevolge regulasie 12 van hierdie hoofstuk in siekteverlof omskep word, sodanige siekteverlof begin op die datum vasgestel deur die offisier wat die omskepping op aanbeveling van die mediese offisier goedkeur.

Aansoek om verlof.

10. Elke aansoek om verlof word skriftelik deur 'n lid gedoen op 'n vorm deur die Adjutant-generaal ingestel en word deur so 'n lid onderteken: Met dien verstande dat hierdie regulasie nie van toepassing is nie in die geval van—

(a) 'n lid wat ingevolge regulasie 8 van hierdie hoofstuk gelas word om vakansie- of siekteverlof te neem;

(b) vakansieverlof sonder besoldiging, opgeteken ingevolge regulasie 22 van hierdie hoofstuk;

(c) siekteverlof sonder besoldiging, opgeteken ingevolge regulasie 31 van hierdie hoofstuk;

(d) 'n vermindering van siekteverlofvoorsiening ingevolge regulasie 33 van hierdie hoofstuk.

Verlof begin slegs nadat dit verleen is.

11. Behalwe in die geval waar 'n lid siek word, mag geen lid van diens af wegbly nie tensy die nodige verlof daartoe aan hom verleen is, en verlof word geag verleen te wees nadat die lid dienooreenkomstig deur sy eenheidsbevelvoerder in kennis gestel is: Met dien verstande dat 'n lid

(d) with any recognised university within the Republic or any educational institution under the control of the Department of Education, Arts and Science; or

(e) with any State Diggings,

which without any break precedes any service in the EAS, shall be deemed to be Government Service: Provided that such Government service shall exclude any period of service which terminated as a result of a member's retirement from a permanent post or his relinquishing a permanent post for any reason whatsoever.

Who may Grant, Cancel or Convert Leave.

7. Subject to provisions to the contrary in this chapter, the Commandant General, SADF, or any officer or officers designated by him for the purpose, may grant any leave, and may at any time, cancel any leave which has been granted or in accordance with the provisions of regulation 12 of this chapter, convert any leave.

Compulsory Vacation or Sick Leave.

8. The Adjutant General may at any time in the interest of the SADF and subject to the provisions of this chapter, order a member to take vacation leave with full pay or sick leave with full pay or half pay for such a period as the Adjutant General may determine.

Calculation of Period of Leave.

9. Any period of leave shall be calculated in days, shall commence and terminate on the dates which have been approved in respect of such leave and every day in such period shall be recorded as leave: Provided that where—

(a) any member takes ill in the course of his normal working hours or after termination of duty on any working day, or at any time on a day of rest and as a result thereof is granted sick leave, such leave shall commence on the first working day which follows on the day on which he took ill;

(b) two periods of vacation leave, two periods of sick leave or a period of vacation leave and a period of sick leave, or *vice versa*, are separated only by one or more days of rest, such day of rest or days of rest shall, notwithstanding the provisions of paragraph (a), be recorded as vacation leave or sick leave as the case may be; and

(c) any period of vacation leave or special leave is in terms of regulation 12 of this chapter, converted into sick leave, such sick leave shall commence on the date fixed on the recommendation of a medical officer by the officer who approves the conversion.

Application for Leave.

10. Every application for leave by a member shall be made in writing on a form instituted by the Adjutant General and shall be signed by such member: Provided that this regulation shall not apply in the case of—

(a) a member who, in terms of regulation 8 of this chapter, is ordered to take vacation leave or sick leave;

(b) vacation leave without pay recorded in terms of regulation 22 of this chapter;

(c) sick leave without pay recorded in terms of regulation 31 of this chapter; and

(d) any reduction of any sick leave provision in terms of regulation 33 of this chapter.

Leave Commences Only After it has been Granted.

11. Except in the case of a member who contracts an illness, no member shall stay away from duty unless the necessary leave therefor has been granted to him, and leave shall be deemed to have been granted after the member has been notified by his unit commander to that effect:

vat as gevolg van siekte of om 'n ander afdoende rede nie n staat is om hom vir diens aan te meld nie of om redes suite sy beheer verplig is om langer van diens af weg te bly as die tydperk waarvoor verlof aan hom verleen is, onverwyld sy eenheidsbevelvoerder daarvan moet verwittig n om die nodige verlof aansoek moet doen.

Omskepping van verlof.

12. Behoudens andersluidende bepalings in hierdie hoofstuk, kan verlof wat onder een verlofindeling toegestaan is, op die skriftelike aansoek van 'n lid in verlof onder 'n ander verlofindeling omskep word mits sodanige aansoek nie later nie as dertig dae nadat so 'n lid diens hervat het, ingedien word en die betrokke offisier wat ingevolge regulasie 7 van hierdie hoofstuk aangewys is, daarvan oortuig is dat daar afdoende rede vir die aansoek om omskepping bestaan: Met dien verstande dat—

- (a) die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier wat hy daartoe aangewys het, na 'n lid se dood magtiging vir sodanige omskepping tot voordeel van sy weduwee of ander afhanklike kan verleen; en
- (b) verlof wat reeds ingevolge hierdie hoofstuk, omskep is nie verder omskep mag word nie.

Bekendmaking in eenheidsorders.

13. Die datum waarop verlof begin, eindig of ingetrek word of afstand daarvan gedoen word, die verlofindeling waaronder die verlof verleen is en besonderhede van enige omskepping van sodanige verlof word in eenheidsorders bekendgemaak.

Verlofstate.

14. (1) Daar word vir elke lid 'n verlofstaat gehou waarin elke tydperk wat so 'n lid se vakansieverlofkrediet of siekteverlofvoorsiening raak en elke tydperk van afwesigheid van diens met verlof opgeteken word, en die Kommandant-generaal, SAW, wys die offisier of offisiere aan wat verantwoordelik is vir die hou en byhou van verlofstate van lede van die BHD of 'n deel van die BHD.

(2) Alle verlofaansoeke moet vir oudit- en ander doeleindes bewaar word in die kantoor waar die verlofstate gehou word, en wel vir dié tydperk wat die Staatsdienskommissie mag gelas.

Verlofbepalings by ontslag of uitdienstreding.

15. (1) Aan 'n lid wat om ondergenoemde redes haas uit diens gaan tree, kan daar verlof ooreenkomstig hierdie hoofstuk verleen word tot en met sy laaste dag diens in die BHD, naamlik:—

- (a) Bereiking van die ouderdomsgrens;
- (b) geneeskundige ongeskiktheid;
- (c) oortolligheid, afskaffing van die pos wat hy beklee of reorganisasie; en
- (d) verstryking van sy dienstermyn.

(2) Aan 'n lid wat kennis van sy diensbeëindiging gegee of kennis van sy voorneme om sy diens te beëindig, ingedien het, word daar geen verlof binne die tydperk van dertig dae onmiddellik voor sy datum van uitdienstreding verleen nie: Met dien verstande dat hierdie regulasie nie van toepassing is nie met betrekking tot—

- (a) siekteverlof;
- (b) vakansieverlof met besoldiging wat uit hoofde van siekte in plaas van siekteverlof met halwe besoldiging of sonder besoldiging verleen is;
- (c) vakansieverlof sonder besoldiging; en
- (d) spesiale verlof ingevolge paragraaf (c) of (d) van subregulasie (1) van regulasie 34 van hierdie hoofstuk.

Provided that any member who as a result of illness or for any other sufficient reason is unable to report for duty or for reasons beyond his control is compelled to stay away from duty for a longer period than that for which he has been granted leave, shall without delay notify his unit commander thereof and apply for the necessary leave.

Conversion of Sick Leave.

12. Subject to provisions to the contrary in this chapter, leave granted under one leave classification may, on the written application of a member, be converted into leave under another leave classification, provided such application is submitted not later than thirty days after such member has resumed duty and the officer concerned designated in terms of regulation 7 of this chapter is satisfied that there is sufficient reason for the application for conversion: Provided that—

- (a) such conversion may, after the death of a member, be authorised by the Commandant-General, SADF, or an officer designated by him for the purpose to the benefit of the widow or other dependent of such member; and
- (b) any leave once converted in terms of this chapter, shall not be further converted.

Publication in Unit Orders.

13. The date on which leave commences, terminates, is cancelled or surrendered, the leave classification under which leave is granted and particulars of any conversion of such leave shall be published in unit orders.

Leave Registers.

14. (1) A leave register shall be maintained for each member, in which shall be recorded every period affecting such member's vacation leave credit or sick leave provision and every period of leave of absence from duty and the Commandant-General, SADF, shall designate the officer or officers to be responsible for the keeping and maintenance of leave registers of members of the EAS or any portion of the EAS.

(2) All leave applications shall, for audit and other purposes, be kept in the office in which the leave registers are maintained for such period as the Public Service Commission may order.

Leave Provisions on Discharge or Retirement.

15. (1) A member who is about to leave the service for any of the undermentioned reasons may be granted leave in accordance with this chapter up to and including his last day of service in the EAS, namely:—

- (a) Reaching of the age limit;
- (b) medical unfitness;
- (c) redundancy, abolition of the post he occupies or reorganisation; or
- (d) expiry of his period of service.

(2) A member who has given notice of the termination of his appointment or who has submitted notice of his intention to terminate his engagement shall not be granted leave within the period of thirty days which immediately precedes the date of termination of his service: Provided that this regulation shall not be applicable in respect of—

- (a) sick leave;
- (b) vacation leave with pay which has been granted as a result of illness in lieu of sick leave with half pay or without pay;
- (c) vacation leave without pay; and
- (d) special leave in terms of paragraph (c) or (d) of sub-regulation (1) of regulation 34 of this chapter.

(3) Waar 'n lid, terwyl hy met verlof van diens afwesig is, kennis van die beëindiging van sy diens gee of kennis van sy voorneme om sy diens te beëindig, indien, word enige verlof binne die tydperk van dertig dae onmiddellik voor die datum van sy diensbeëindiging geag ingetrek te wees, moet so 'n lid onmiddellik na sy diens terugkeer en word enige verlof binne sodanige dertig dae geag vakansieverlof sonder besoldiging te wees: Met dien verstande dat as sodanige kennisgewing nie gedateer is nie, die datum van ontvangs daarvan deur sy eenheidsbevelvoerder geag word die datum daarvan te wees: Voorts met dien verstande dat hierdie subregulasie nie van toepassing is nie ten opsigte van enige verlof bedoel in die voorbehoudsbepaling van subregulasie (2).

(4) Waar 'n eenheidsbevelvoerder van owerheidswêë gelas word om die diens van 'n lid, uitgesonderd 'n lid bedoel in subregulasie (1), (2) of (3), te beëindig, mag daar na die datum waarop sy eenheidsbevelvoerder daardie opdrag ontvang het, geen ander verlof as siekteverlof vir die doel van hospitalisasie, sonder die goedkeuring van die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier of offisiere wat hy daartoe aangewys het, aan so 'n lid verleen word nie, en indien so 'n lid reeds met verlof van diens afwesig is, word sy verlof onmiddellik ingetrek en moet so 'n lid sonder versuim na sy diens terugkeer.

(5) Enige vakansieverlofkrediet en enige siekteverlofvoorsiening verval op die dag waarop die betrokke lid se diens beëindig word.

Verlof tel vir salarisverhogings.

16. Alle verlof, van watter aard ook al, met of sonder besoldiging, tel vir salarisverhogings.

Verlofgratifikasie.

17. 'n Verlofgratifikasie kan op dié voorwaardes wat die Tesourie op aanbeveling van die Staatsdienskommissie van tyd tot tyd mag goedkeur, by diensbeëindiging aan 'n lid betaal word.

DEEL 2.—VAKANSIEVERLOF.

Groepering van lede vir die aanwas van oplopende vakansieverlof met volle besoldiging.

18. (1) Vir die aanwas van oplopende vakansieverlof met volle besoldiging word lede in die volgende groepe ingedeel, naamlik:—

- (a) Groep I.—Lede wat minstens vyftien jaar Regeringsdiens voltooi het.
- (b) Groep II.—Lede wat tien jaar maar minder as vyftien jaar Regeringsdiens voltooi het.
- (c) Groep III.—Lede wat vyf jaar maar minder as tien jaar Regeringsdiens voltooi het.
- (d) Groep IV.—Lede wat nog nie vyf jaar Regeringsdiens voltooi het nie:

Met dien verstande dat indien sodanige indeling ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 19 van hierdie hoofstuk 'n vermindering in die aanwas-tempo van oplopende vakansieverlof met volle besoldiging sou meebring in die geval van 'n lid wat in diens was onmiddellik voor die inwerkingtreding van die bepalings van hierdie hoofstuk, hy in die volgende hoër groep geplaas moet word.

(2) By die toepassing van subregulasie (1) word Regeringsdiens nie geag onderbreek te wees nie deur enige tydperk ten opsigte waarvan 'n lid geen besoldiging ontvang nie of sy besoldiging of 'n deel daarvan verbeur ingevolge die bepalings van artikel 6 (10) van die Reglement van Dissipline vir die Hulpdienste van die SAW.

(3) Where a member, while he is absent from duty on leave, gives notice of the termination of his appointment or submits notice of his intention to terminate his engagement, any leave falling within the period of thirty days immediately preceding the date of the termination of his service shall be deemed to have been cancelled, such member shall immediately return to duty and any leave taken within such thirty days shall be deemed to be vacation leave without pay: Provided that if such notice is undated, the date of receipt thereof by his unit commander shall be deemed to be the date thereof: Provided further that this sub-regulation shall not apply in respect of any leave mentioned in the proviso to sub-regulation (2).

(4) Where a unit commander is ordered by authority to terminate the services of any member except a member referred to in sub-regulation (1), (2) or (3), no leave other than sick leave for the purpose of hospitalisation shall, without the approval of the Commandant-General, SADF, or any officer or officers designated by him for the purpose, be granted to such member after the date upon which his unit commander received that order, and if such member is already absent from duty on leave, such leave shall be cancelled immediately and such member shall return to his duty without delay.

(5) Any vacation leave credit and any sick leave provision shall lapse on the day on which the service of the member concerned is terminated.

Leave Counts for the Purpose of Salary Increments.

16. All leave, of whatever nature, whether with or without pay, shall count for the purpose of salary increments.

Leave Gratuity.

17. A leave gratuity may, subject to such conditions as the Treasury may, on the recommendation of the Public Service Commission, approve from time to time, be paid to a member on the termination of his service.

PART 2.—VACATION LEAVE.

Grouping of Members for the Accrual of Accumulative Vacation Leave with Full Pay.

18. (1) For the purpose of the accrual of accumulative vacation leave with full pay members shall be classified into the following groups, namely:—

- (a) Group I.—Members who have completed fifteen years' Government service.
- (b) Group II.—Members who have completed ten but less than fifteen years' Government Service.
- (c) Group III.—Members who have completed five but less than ten years' Government service.
- (d) Group IV.—Members who have not completed five years' Government service:

Provided that if such classification would, in terms of the provisions of sub-regulation (1) of regulation 19 of this chapter, result in a reduction in the rate of accrual of accumulative vacation leave with full pay by a member who was in service immediately prior to the coming into force of the provisions of this chapter, he shall be placed in the next higher group.

(2) For the purpose of sub-regulation (1) Government service shall not be deemed to have been interrupted by any period in respect of which a member receives no pay or forfeits his pay or any portion thereof in terms of section 6 (10) of the Discipline Code for the Auxiliary Services for the SADF.

Aanwas van ooplopende vakansieverlof met volle besoldiging.

19. (1) Vir elke jaar diens, was die ooplopende vakansieverlof met volle besoldiging ten opsigte van lede in die groepe genoem in regulasie 18 van hierdie hoofstuk, aan teen—

- (a) vier-en-dertig dae in die geval van lede in groep I;
- (b) dertig dae in die geval van lede in groep II;
- (c) ses-en-twintig dae in die geval van lede in groep III; en
- (d) twee-en-twintig dae in die geval van lede in groep IV.

(2) Vir elke maand van 'n lid se diens was die ooplopende vakansieverlof met volle besoldiging aan teen een twaalfde van die jaarlikse aanwas genoem in sub-regulasie (1): Met dien verstande dat ooplopende vakansieverlof met volle besoldiging nie aanwas nie ten opsigte van enige maand waarin 'n lid—

- (a) op 'n ander dag as die eerste dag van 'n maand diens aanvaar, of waarin sy diens op enige ander dag as die laaste dag van 'n maand beëindig word; of
- (b) vir sestien dae of meer, wat nie aaneenlopend hoef te wees nie, geen besoldiging ontvang nie.

(3) Indien 'n lid om enige rede van die een groep in regulasie 18 van hierdie hoofstuk bedoel, na 'n ander groep oorgaan, is die verlofaanwas ten opsigte van die nuwe groep op hom van toepassing vanaf die eerste dag van die maand waarin hy aldus na daardie groep oorgaan.

(4) Vakansieverlof met volle besoldiging wat kragtens hierdie regulasie gedurende 'n tydperk van vakansieverlof sonder besoldiging of siekteverlof sonder besoldiging aanwas, mag nie aan 'n lid verleen word alvorens hy sy diens hervat het nie en mag nie gebruik word om enige ander verlof wat sodanige dienshervatting voorafgegaan het, in vakansieverlof met volle besoldiging om te skep nie.

(5) Die vakansieverlofkredit van elke lid word bereken soos dit op 1 Januarie van elke jaar bestaan en word in sy verlofstaat opgeteken, en by sodanige berekening word 'n gedeelte van 'n dag as een dag opgeteken.

(6) Vakansieverlof met volle besoldiging wat uit hoofde van die regulasies wat by hierdie hoofstuk vervang word, in die kredit van 'n lid staan, word in sy kredit oorgedra, en 'n gedeelte van 'n dag word as een dag opgeteken.

Maksimum ooplopende vakansieverlof wat met volle besoldiging verleen kan word.

20. Daar mag aan geen lid meer ooplopende vakansieverlof met volle besoldiging verleen word as dié wat in sy kredit staan nie: Met dien verstande dat enige aansoek om vakansieverlof met volle besoldiging vir meer as honderd vier-en-tagtig dae in enige tydperk van agtien agtereenvolgende kalendermaande slegs deur die Kommandant-generaal, SAW, op aanbeveling van die Staatsdienskommissie verleen kan word: Voorts met dien verstande dat siekteverlof wat in vakansieverlof met volle besoldiging omgeskep word, nie by die berekening van sodanige honderd vier-en-tagtig dae in aanmerking geneem word nie.

Vakansieverlof sonder betaling.

21. Aan 'n lid wat geen vakansieverlofkredit het nie, kan daar om ander afdoende redes as siekte vakansieverlof sonder besoldiging vir hoogstens eenhonderd vier-en-tagtig dae in enige tydperk van agtien agtereenvolgende maande verleen word: Met dien verstande dat in uitsonderlike gevalle meer as eenhonderd vier-en-tagtig dae vakansieverlof sonder besoldiging in so 'n tydperk deur die Kommandant-generaal, SAW, op aanbeveling van die Staatsdienskommissie verleen kan word.

Accrual of Accumulative Vacation Leave with Full Pay.

19. (1) For every year of service accumulative vacation leave with full pay shall in respect of the members in the groups mentioned in regulation 18 of this chapter, accrue at a rate of—

- (a) thirty-four days in the case of members in group I;
- (b) thirty days in the case of members in group II;
- (c) twenty-six days in the case of members in group III; and
- (d) twenty-two days in the case of members in Group IV.

(2) For every month of a member's service accumulative vacation leave with full pay shall accrue at one-twelfth of the annual accrual mentioned in sub-regulation (1): Provided that accumulative vacation leave with full pay shall not accrue in respect of any month in which a member—

- (a) engages for service on any day other than the first day of any month or whose service is terminated on any day other than the last day of any month; or
- (b) receives no pay for sixteen days or more, which need not be consecutive.

(3) If any member for any reason passes from one or other of the groups mentioned in regulation 18 of this chapter to another group, the leave accrual in respect of the new group shall apply to him from the first day of the month in which he so passes to that group.

(4) Vacation leave with full pay which in terms of this regulation accrues during a period of vacation leave without pay or sick leave without pay, shall not be granted to a member before he has resumed his duty, and shall not be used to convert into vacation leave with full pay any other leave which preceded such resumption of duty.

(5) The vacation leave credit of every member shall be calculated as at 1st January of every year and recorded in his leave register, and when such calculation is made, any portion of a day shall be recorded as one day.

(6) Any vacation leave with full pay which by virtue of the regulations replaced by this chapter stands to the credit of any member, shall be transferred to his credit, and any portion of a day shall be recorded as one day.

Maximum Accumulative Vacation Leave with Full Pay which may be Granted.

20. No member shall be granted more accumulative vacation leave with full pay than stands to his credit: Provided that any application for vacation leave with full pay for more than one hundred and eighty-four days in any period of eighteen consecutive calendar months shall be granted only by the Commandant-General, SADF, on the recommendation of the Public Service Commission: Provided further that in calculating such one hundred and eighty-four days' sick leave which is converted into vacation leave with full pay shall not be taken into account.

Vacation Leave Without Pay.

21. A member who has no vacation leave credit, may, for sufficient reasons other than illness, be granted vacation leave without pay of not more than one hundred and eighty-four days in any period of eighteen consecutive calendar months: Provided that in exceptional cases more than one hundred and eighty-four days' vacation leave without pay may be granted within such period by the Commandant-General, SADF, on the recommendation of the Public Service Commission.

Afwesigheid sonder verlof word as vakansieverlof sonder besoldiging opgeteken.

22. Wanneer 'n lid van diens afwesig is sonder dat verlof vir sodanige afwesigheid ooreenkomstig die regulasies vervat in hierdie hoofstuk, aan hom verleen is, word die tydperk van afwesigheid, ongeag die uitslag van tugmaatreëls wat teen hom geneem mag word, as vakansieverlof sonder besoldiging opgeteken, en sodanige verlof mag nie ooreenkomstig regulasie 12 van hierdie hoofstuk omgeskep word nie.

Waar te veel oplopende vakansieverlof met volle besoldiging verleen word.

23. Waar enigeen van die offisiere wat ingevolge regulasie 14 van hierdie hoofstuk aangewys is, daarvan oortuig is dat meer oplopende vakansieverlof met volle besoldiging as dié waarvoor hierdie hoofstuk voorsiening maak, te goeder trou aan 'n lid verleen is, word die getal dae wat te veel verleen is, afgetrek van die oplopende vakansieverlof met volle besoldiging wat later ten opsigte van so 'n lid aanwas, en indien sodanige offisier nie daarvan oortuig is dat daar te goeder trou te veel verlof verleen is nie, word die getal dae wat te veel is, as vakansieverlof sonder besoldiging opgeteken: Met dien verstande dat—

- (a) waar so 'n lid se diens beëindig word voordat die verlof wat te veel verleen is, ten volle goedgemaak is deur vakansieverlof met volle besoldiging wat later aangewas het, die tydperk wat nie op sy laaste dag diens aldus goedgemaak is nie, as vakansieverlof sonder besoldiging opgeteken moet word; en
- (b) enige bedrag te veel betaal as gevolg van die toepassing van hierdie regulasie, bereken teen die lid se besoldigingskaal ten tyde van die afwesigheid, op hom verhaal of andersins met geldige magtiging afgeskryf moet word.

DEEL 3.—SIEKTEVERLOF.

Voorsiening vir siekteverlof.

24. Behoudens andersluidende bepalings in hierdie hoofstuk, kan daar aan 'n lid wat minstens dertig dae ononderbroke Regeringsdiens voltooi het, gedurende enige tydkring siekteverlof van altesaam hoogstens negentig dae met volle besoldiging en hoogstens negentig dae met halwe besoldiging verleen word ten opsigte van afwesigheid van diens na verstryking van genoemde tydperk van dertig dae, afgesien daarvan of so 'n lid gedurende of voor die begin van die betrokke tydkring by die BHD ingeskryf het: Met dien verstande dat enige ongebruikte siekteverlof aan die end van die betrokke tydkring verval.

Addisionele siekteverlof met volle besoldiging.

25. (1) Aan 'n lid wat minstens een-en-twintig jaar ononderbroke voltydse Regeringsdiens voltooi het, aan wie die maksimum siekteverlof met volle besoldiging soos in regulasie 24 bepaal, verleen is en wat nog nie in staat is om sy diens te hervat nie, kan daar addisionele siekteverlof met volle besoldiging in die mate en op die voorwaardes in hierdie regulasie voorgeskryf, verleen word.

(2) Die maksimum getal dae addisionele siekteverlof met volle besoldiging wat verleen kan word, is honderd en twintig, verminder met een sewende van die getal dae siekteverlof met volle besoldiging wat 'n lid gedurende sy eerste een-en-twintig jaar voltydse Regeringsdiens geneem het: Met dien verstande dat enige vermindering in siekteverlof nie die siekteverlof waarvoor daar in regulasie 32 voorsiening gemaak word, raak nie.

(3) Waar geen besonderhede van siekteverlof met volle besoldiging wat deur 'n lid geneem is gedurende 'n tydperk van diens wat kragtens subregulasie (4) van hierdie regulasie erken is, beskikbaar is nie, of as die siekteverlofstate vir 'n gedeelte van die eerste een-en-twintig jaar ononderbroke voltydse Regeringsdiens verlore geraak

Absence without Leave shall be Recorded as Vacation Leave without Pay.

22. Whenever any member is absent from duty without leave for such absence having been granted to him in accordance with the regulations in this chapter, the period of absence shall, notwithstanding the result of any disciplinary measures which may be taken against him, be recorded as vacation leave without pay and such vacation leave shall not be converted in terms of regulation 12 of this chapter.

Overgrant of Accumulative Vacation Leave with Full Pay.

23. Where any of the officers, designated in terms of regulation 14 of this chapter, is satisfied that a member has in good faith been granted more accumulative vacation leave with full pay than is provided for in this chapter, the overgrant shall be deducted from accumulative vacation leave with full pay which later accrues to such member and if such officer is not satisfied that the overgrant has been made in good faith, the overgrant shall be recorded as vacation leave without pay: Provided that—

- (a) where the service of such member is terminated before such overgrant has been liquidated fully by vacation leave with full pay which later accrued, the period which on the last day of his service has not been so liquidated, shall be recorded as vacation leave without pay; and
- (b) any overpayment as the result of the application of this regulation, calculated at the member's rate of pay at the time of his absence, shall be recovered from him or otherwise written off under competent authority.

PART 3.—SICK LEAVE.

Provision for Sick Leave.

24. Save as otherwise provided in this chapter, any member who has completed at least thirty days' continuous Government service may, during any cycle be granted sick leave of in the aggregate not more than ninety days with full pay and not more than ninety days with half pay in respect of any absence from duty after expiration of the said period of thirty days, irrespective of whether or not such member was enrolled in the EAS during, or prior to the commencement of, the cycle concerned: Provided that any unused sick leave shall lapse at the end of the cycle concerned.

Additional Sick Leave with Full Pay.

25. (1) Any member who has completed at least twenty-one years' continuous whole-time Government service, has been granted the maximum amount of sick leave with full pay provided for in regulation 24 and is not yet able to resume his duties, may be granted additional sick leave with full pay to the extent and subject to the conditions prescribed in this regulation.

(2) The maximum number of days' additional sick leave with full pay which may be granted shall be one hundred and twenty, reduced by one seventh of the number of days' sick leave with full pay taken by the member during his first twenty-one years' whole-time Government service: Provided that any reduction in sick leave shall not affect the sick leave provided for in regulation 32.

(3) Where no particulars are available of the sick leave with full pay taken by a member during any period of service which has been recognised in terms of sub-regulation (4) of this regulation, or if the sick leave records for a portion of the first twenty-one years of continuous whole-time Government service have been lost, such

t, word sodanige tydperk, gedeelte of gedeeltes van die eerste een-en-twintig jaar ononderbroke voltydse Regeeringsdiens nie by die berekening van die getal dae addisionele siekteverlof met volle besoldiging waarop 'n lid regtig is, in ag geneem nie, en by die toepassing van die subregulasie word die getal jare gedurende die eerste een-en-twintig jaar ononderbroke voltydse Regeeringsdiens ten opsigte waarvan siekteverlofstade beskikbaar is, omgeskep in tydkringe van drie jaar diens en word die getal dae siekteverlof met volle besoldiging wat gedurende sodanige tydkringe geneem is, gedeel deur die getal tydkringe aldus bepaal, in plaas van deur sewe soos bepaal in subregulasie (2) van hierdie regulasie.

(4) Vorige tydperke voltydse Regeeringsdiens wat vir verlofgroeperingsdoeleindes ooreenkomstig die bepalings in regulasie 18 toegelaat word, word erken met die doel om die eerste een-en-twintig jaar ononderbroke voltydse Regeeringsdiens te bepaal.

(5) Wanneer die kredit aan addisionele siekteverlof met volle besoldiging wat ooreenkomstig subregulasie (2) of (3) bereken word, 'n gedeelte van 'n dag insluit, word sodanige gedeelte vir een dag gereken.

(6) Die totale addisionele siekteverlof met volle betaling waarop 'n lid geregtig is, word bereken in die eerste tydkring waarin hy addisionele siekteverlof met volle besoldiging benut en mag nie in enige stadium daarna herbereken word nie, en sodanige verlof wat nie gedurende daardie tydkring geneem word nie, word geag 'n aanwas van addisionele siekteverlof met volle besoldiging te wees.

(7) Addisionele siekteverlof met volle besoldiging word verleen sodra 'n lid al die siekteverlof met volle besoldiging waarop hy geregtig is, verleen is.

(8) Die bepalings van regulasies 29 en 30 is *mutatis mutandis* van toepassing op die verlening van addisionele siekteverlof met volle besoldiging.

(9) Die verlening van addisionele siekteverlof met volle besoldiging aan 'n lid verhinder nie dat addisionele siekteverlof met halwe besoldiging kragtens regulasie 26 aan hom verleen word nie.

(10) Addisionele siekteverlof met volle besoldiging wat aan 'n lid verleen is, word opgeteken in die verlofstaat wat ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 14 gehou word.

Addisionele siekteverlof met halwe besoldiging.

26. Aan 'n lid wat nog vakansieverlofkrediet of siekteverlofvoorsiening het en wat weens sy swak gesondheid nie in staat is om sy amppligte te verrig nie maar nie permanent geneeskundig ongeskik vir diens in die BHD is nie, kan addisionele siekteverlof met halwe besoldiging vir hoogstens twee-en-negentig dae (wat nie aaneenlopend hoef te wees nie) in enige tydkring verleen word.

Siekteverlof sonder besoldiging.

27. Aan 'n lid wat geen vakansieverlofkrediet het nie, kan wie geen siekteverlof met volle of halwe besoldiging kragtens die bepalings van hierdie hoofstuk verleen kan word nie en wat weens swak gesondheid nie in staat is om sy amppligte te hervat nie maar nie permanent geneeskundig ongeskik is om sy diens te verrig of te hervat nie, kan siekteverlof sonder besoldiging vir hoogstens drie-en-twintig dae (wat nie aaneenlopend hoef te wees nie) in enige tydkring verleen word, en geen verdere verlof van watter aard ook al word, behalwe op aanbeveling van die Staatsdienskommissie en met die goedkeuring van die Kommandant-generaal, SAW, in daardie tydkring aan so 'n lid as gevolg van sy siekte verleen nie.

Spesiale siekteverlof met volle besoldiging of verminderde besoldiging.

28. Ondanks andersluidende bepalings in hierdie hoofstuk, kan daar aan 'n lid wat van diens afwesig is, weens 'n besering wat hy as gevolg van in die loop van sy diens opgedoen het of wat van diens afwesig is weens 'n siekte wat hy in die loop van sy diens opgedoen het of wat nie aan sy eie wangedrag of versuim om redelike

period, portion or portions of the first twenty-one years of continuous whole-time Government service shall not be taken into account in calculating the number of days additional sick leave with full pay to which a member is entitled, and in the application of this sub-regulation of the number of years during the first twenty-one years of continuous whole-time Government service in respect of which sick leave records are available shall not be converted into cycles of three years service, and the number of days sick leave with full pay taken during such cycles shall be divided by the number of cycles so determined instead of by seven as provided for in sub-regulation (2) of this regulation.

(4) Previous periods of whole-time Government service admitted for leave grouping purposes in accordance with the provisions of regulation 18, shall be recognised for the purpose of determining the first twenty-one years of continuous whole-time Government service.

(5) When the additional sick leave with full pay credit, calculated in terms of sub-regulation (2) or (3), includes a portion of a day, such portion shall be reckoned as one day.

(6) The total additional sick leave with full pay entitlement of a member shall be calculated in the first cycle during which he first avails himself of additional sick leave with full pay, shall not be recalculated at any stage thereafter, and any such leave not taken during that cycle, shall be deemed to be an accrual of additional sick leave with full pay.

(7) Additional sick leave with full pay shall be granted as soon as a member has exhausted all the sick leave with full pay to which he is entitled.

(8) The provisions of regulations 29 and 30 are *mutatis mutandis* applicable to the granting of additional sick leave with full pay.

(9) The granting of additional sick leave with full pay to a member shall not preclude the granting to him of additional sick leave with half pay in terms of regulation 26.

(10) Additional sick leave with full pay granted to a member shall be recorded in the leave register maintained in accordance with the provisions of sub-regulation (1) of regulation 14.

Additional Sick Leave with Half Pay.

26. Any member who has neither any vacation leave credit nor any sick leave provision and who, due to his ill-health, is unable to perform the duties of his office, but is not permanently medically unfit for service in the EAS may be granted additional sick leave with half pay of not more than ninety-two days (which need not be consecutive) in any cycle.

Sick Leave without Pay.

27. A member who has no vacation leave credit, to whom no sick leave with full or half pay can be granted in terms of the provisions of this chapter and who, by reason of his ill-health, is unable to resume the duties of his office, but is not permanently medically unfit to perform or resume his service in the EAS may be granted sick leave without pay for not more than three hundred and sixty-five days (which need not be consecutive) in any one cycle, and no further leave of any description whatsoever shall, except on the recommendation of the Public Service Commission and the approval of the Commandant-General, SADF, be granted to such member in that cycle as a result of his illness.

Special Sick Leave with Full Pay or Reduced Pay.

28. Save as otherwise provided in this chapter a member who is absent from duty owing to an injury arising out of and in the course of his duties or owing to a disease contracted in the course of and as a result of his duties

voorsorgsmaatreëls te tref, te wyte is nie, spesiale siekteverlof met volle besoldiging verleen word wat nie teen sy siekteverlofvoorsiening opgeteken word nie: Met dien verstande dat in enige geval waar skadeloosstelling ingevolge die bepalings van die Ongevalwet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), aan so 'n lid betaalbaar is, spesiale siekteverlof met besoldiging gelyk aan die verskil tussen die lid se besoldiging en die skadeloosstelling aan hom betaalbaar vir die tydkring van sy afwesigheid van diens verleen moet word.

Omstandighede waaronder siekteverlof verleen kan word.

29. Behoudens die bepalings van regulasie 30 van hierdie hoofstuk, word siekteverlof ten opsigte van 'n lid se afwesigheid van diens verleen slegs weens 'n siekte wat nie deur sy eie wangedrag of versuim om redelike voorsorgsmaatreëls te tref, veroorsaak is nie: Met dien verstande dat siekteverlof as gevolg van 'n senuwee-aandoening, slaaploosheid, swakheid of 'n soortgelyke vaag omskrewe siekte verleen word slegs indien die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier wat hy daartoe aangewys het, daarvan oortuig is dat die lid se gesondheidstoestand hom ongeskik maak om sy amppligte te verrig en nie aan sy versuim om van vakansieverlof gebruik te maak, te wyte is nie.

Aansoek om siekteverlof moet deur 'n doktersertifikaat gesteun word.

30. Geen siekteverlof van meer as drie agtereenvolgende dae word aan 'n lid verleen nie tensy die aansoek daarom deur 'n sertifikaat van 'n mediese offisier gesteun word, en so 'n sertifikaat moet die aard van die siekte duidelik meld, verklaar dat die lid nie in staat is om sy amppligte te verrig nie en die tydperk meld wat vir die lid se herstel nodig is: Met dien verstande dat—

- (a) nie meer as altesaam tien dae siekteverlof gedurende enige jaar wat eindig op die laaste dag van Desember, sonder die voorlegging van so 'n sertifikaat verleen mag word en dat die offisier wat die verlof verleen, na sy goedvinde kan eis dat so 'n sertifikaat ten opsigte van enige tydperk van drie dae of minder voorgelê word;
- (b) 'n sertifikaat van 'n ander geregistreerde geneesheer of tandarts as 'n mediese offisier op aanbeveling van die Geneesheer-generaal of 'n mediese offisier wat hy daartoe aangewys het, in uitsonderlike gevalle aanvaar kan word;
- (c) die Kommandant-generaal, SAW, ondanks die voorlegging van so 'n sertifikaat, kan weier om siekteverlof te verleen ten opsigte van enige afwesigheid van diens waarop so 'n sertifikaat betrekking het, en in so 'n geval word die tydperk van sodanige afwesigheid, ongeag die uitslag van tugmaatreëls teen so 'n lid, as vakansieverlof sonder besoldiging opgeteken;
- (d) waar die Kommandant-generaal, SAW, oortuig is dat 'n lid se afwesigheid *bona fide* te wyte is aan 'n siekte en daar afdoende rede bestaan waarom die sertifikaat van 'n mediese offisier of ander geregistreerde geneesheer nie voorgelê kan word nie, hy vrystelling van die voorlegging van so 'n sertifikaat aan die lid kan verleen ten opsigte van 'n ononderbroke tydperk van afwesigheid van hoogstens veertien dae; en
- (e) geen ander verlof in siekteverlof omgeskep mag word nie tensy die aansoek om sodanige omskepning gesteun word deur 'n sertifikaat van 'n mediese offisier of, behoudens die aanbevelings van die Geneesheer-generaal of 'n mediese offisier wat hy daartoe aangewys het, 'n sertifikaat van 'n ander geregistreerde geneesheer of tandarts.

Afwesigheid van diens as gevolg van siekte veroorsaak deur eie wangedrag of versuim om behoorlike voorsorgsmaatreëls te tref.

31. Waar die Kommandant-generaal, SAW, of 'n offisier wat hy daartoe aangewys het, oortuig is dat 'n lid (met inbegrip van 'n lid wat in arres aangehou word weens

which is not due to his own misconduct or failure to take reasonable precautions, may be granted special sick leave with full pay which will not be recorded against his sick leave provision: Provided that in any case where compensation in terms of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), is payable to such member, special sick leave, with pay equal to the difference between the pay of the member and the compensation payable to him, shall be granted for the period of his absence from duty.

Circumstances under which Sick Leave may be Granted.

29. Subject to the provisions of regulation 30 of this chapter, sick leave shall be granted only in respect of a member's absence from duty by reason of an illness which is not caused by his own misconduct or failure to take reasonable precautions: Provided that sick leave as an result of a nervous affliction, insomnia, debility of any similar ill-defined illness shall be granted only if the Commandant-General, SADF, or an officer designed by him for the purpose, is satisfied that the member's state of health renders him unfit to perform his official duties and is not due to his neglect to make use of vacation leave.

Application for Sick Leave must be Supported by a Medical Certificate.

30. No sick leave of more than three consecutive days shall be granted to any member unless the application therefor is supported by a certificate of a medical officer, and such certificate shall indicate clearly the nature of the illness, certify that the member is unable to perform his official duties and state the period which is necessary for the member's recuperation: Provided that—

